Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643' E28°07.972'
(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171

3 Maart 2017

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 7 (2017)

1. VRAELYS IN TERME VAN SA-SKOLEWET (JA/NEE VORM)

U word vriendelik versoek om die vraelys wat saam met hierdie skrywe uitgegaan het, te voltooi en voor of op 13 Maart 2017 saam met u kind terug te stuur.

Al wat u moet doen, is om 'n kruisie in die Ja of Nee blokkie te trek en te teken. Die skool word wetlik verplig om toe te sien dat ouers die vraelys voltooi. U samewerking word waardeer.

2. 17 MAART TOETSDAG

Volgens die dagboek skryf die leerders op 17 Maart Afrikaans. Dit het egter verander. Alle leerders sal op 17 Maart Wiskunde skryf. Neem asseblief kennis van hierdie verandering en maak seker dat u kind wel by die skool is om die toets te skryf. 'n Leerder wat nie skryf nie, sal nul (0) vir die toets kry.

3. OUERS EN SPORT

Die wintersportseisoen het sopas begin. Ondersteun asseblief al ons spanne.
Ons wil ons ouers wat die skool en alle aktiwiteite altyd op 'n positiewe wyse ondersteun, bedank. Daar is egter ouers wat onaanvaarbare gedrag langs die veld openbaar en onvanpaste opmerkings maak. Hulle kritiseer die spelers, skeidsregters en afrigters. Ons versoek u om u van sulke gedrag te weerhou, aangesien dit 'n slegte lig op u kind en ook die skool as 'n geheel werp.

4. PROGRAM

Maandag 6 Maart	Toets Hulpklasse : Gr 8 – 12 Gholf: Proewe A-liga Netbal: Ekurhuleni o/18 proewe Kooroefening	 14:15 – 15:15 17:45 – 21:00	 Reading Glenvista
Dinsdag 7 Maart	Netbal : Ekurhuleni o/14 & 16 proewe Tennis: Meisies S-Gautengliga		 Peacanwood
Woensdag 8 Maart	Graad 12-ekstraklas (k1)	14:00 – 15:00	
Donderdag 9 Maart	Graad 12-ekstraklas (k2) Netbal: Ekurhuleni o/15 & 16 proewe	07:00 – 07:40	
Vrydag	Toets		

10 Maart	PUK-reeks: Tennis, Skaak, Seunshokkie vs Hugenote		Tuis
Saterdag 11 Maart	PUK-reeks: Rugby, Netbal, Meisieshokkie vs Hugenote Perdry		Tuis

.

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**